**Ek sal hulle God wees, en hulle sal My volke wees**

**Openbaring 21:3 en 7**

**17 Januarie 2021**

1. Op 21:1-22:5 gee insae oor die periode na die finale oordeel – dus God se einddoel.
    a. Dan maak God die hemel en aarde nuut, en kom by die mense woon
2. Nog 'n ontwikkelingslyn: Ek sal hulle God wees, en hulle sal My volke wees (vers 3 en 7)
    a. "hulle" (v3) = nuwe Jerusalem, "hy" (v7) = elkeen wat die oorwinning behaal
    b. Verhouding tussen God en mense: God is God, mense is mense. God erken hulle as Sy mense. Hulle erken God as hulle God.
    c. Intieme, warm liefdesverhouding: God droog trane af (v4), gee lewende water (v6b). Mense is versier as Sy bruid (v2)
3. Ontwikkeling aan die hand van God se verbond
    a. Verbond = ooreenkoms: God maak beloftes (God se verantwoordelikheid), maar God het verwagtinge van die mens
    b. 4 Elemente om te volg: (1) God se posisie/rol (2) Mense (3) Plek (4) God se opdragte
    c. Skeppingsverbond:
        i. God = Skepper. Mense = Adam/Eva. Plek = tuin (aarde). Opdragte = skeppingsopdragte
        ii. God is duidelik hulle God en erken hulle as Sy kinders, maar erken Adam en Eva Hom as hulle God?
    d. Aanvangsverbond:
        i. God = Regter en Verlosser. Mense = nageslag van vrou vs duiwel. Plek = aarde. Opdragte = skeppingsopdragte
        ii. God is steeds hulle God en nageslag van vrou is Sy kinders, maar daar is herstelwerk nodig sodat hulle God erken as hulle God
    e. Noagverbond:
        i. God = Regter en Verlosser. Mense = Noag vs goddelose wêreld. Plek = aarde. Opdragte = skeppingsopdragte
        ii. God stel oordeel uit maar nie af nie, Noag erken God – maar val weer in sonde, wêreld erken God nie
    f. Abrahamverbond:
        i. God = uitverkiesende Verlosser. Mense = Abraham se nageslag vs wêreld. Plek = beloofde land. Opdragte = "jy moet my verbond nakom"
        ii. God is Abraham se nageslag se God. Hy sal hulle Sy volk maak deur: (1) Plaasvervanging (2) Geloof
    g. Dawidverbond:
        i. Al verwerp Abraham se nageslag hulle God, sal God hulle ewige Koning wees
    h. Nuwe Verbond:
        i. God bewerk regverdigmaking, wedergeboorte, heiligmaking. Mense = wedergeborenes uit volke, stamme en tale, Plek = uithoeke van die aarde, Opdragte = God se wet
        ii. God is steeds God, deur die werk van Jesus en die Heilige Gees werk God dat die wedergeborenes Hom sal erken as hulle God.
4. Uiteinde:
    a. God was getrou aan al Sy beloftes in die verbonde – Hy is hulle God, hulle is Sy volke
    b. Die nageslag van die vrou/Abraham/wedergeborenes erken Hom as hulle God